

Deur God se gewaarborgde liefde kan ons deur die wisselvalligheid van die lewe en ons eie gemoed God bly dien

ds. PJ Kriel

05.04.2020

Inhoud Preek Covid 19 coronavirus innerlike vrede, geestelike stryd, verandering. Hierdie preek wys dat in ons vereniging met Christus as mens in die hemel, niks ons van God se liefde kan skei nie: nie ons sondes nie, nie wat in die wêreld met ons gebeur nie en nie ons eie wisselvallige gemoedstoestande nie. In hierdie geborge liefde ontdek ons dat hierdie coronavirus is net dit: net nog 'n virus waardeur God ons in sy liefde sal lei en ons Hom sal volg. In ons vertrouwe in God se onskeibare liefde, laat niks wat met hierdie virus gebeur ons voel dat God teen ons gedraai het nie, daar fout is met sy en ons liefde nie, soek ons nie innerlike vredes wat die stres van hierdie virus in ons gewone lewe misken of begin ons nie met geestelike stryd en oorlogvoering teen gewaande magte wat ons met hierdie virus sou aanval nie. In wat God deur hierdie virus vir en oor ons beskik, pas ons aan, verander ons ons lewensverwagtings en dra ons ons verliese lydsaam in die sekerheid van sy onskeibare liefde vir ons.

Skriflesing Rom. 8:1, 31 – 39; Luk. 18: 18 – 30.

Teks Rom. 8: 37 “Maar in al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars deur hom wat ons liefhet!

Tema Deur God se gewaarborgde liefde kan ons deur die wisselvalligheid van die lewe en ons eie gemoed God bly dien

1. Kan 'n mens oor jou man of vrou se liefde so twyfel en onseker wees, so bedreig en onrustig voel oor 'n yskas wat stukkend raak, dat jy hom of haar daarvoor skei?

Stel u self die volgende situasie voor! Die yskas breek en daarmee breek die huwelik!

Die gebeur so! Die vrou raak histeries omdat sy nie weet wat sy nou sonder die yskas moet doen nie. Die stukkende yskas gooi haar hele sekuriteit van hoe sy moet kos moet voorsien sodat alles en almal in die huis aan die gang bly, omver. Dan verwyt sy haar man dat hy nie regtig omgee wat in die huis aangaan nie, nie lankal kon sien die yskas is klaar en dat daar 'n nuwe een gekoop moes geword het nie, en dat hy nou seker dit van haar verwag om 'n nuwe yskas te gaan koop omdat hy te besig is om om te gee vir haar.

En dan gebeur dit!

Sy sê maar dit is net nog 'n bewys dat hy nie werklik omgee nie, dat dit is hoe hulle verhouding nog altyd is, sy moet na alles kyk, en dat hy nie werklik teenwoordig wil wees nie, en die rede hiervoor is dat hy haar nie regtig lief het nie!

Deur God se gewaarborgde liefde kan ons deur die wisselvalligheid van die lewe en ons eie gemoed God bly dien

En dan word die gebreekte yskas die bewys vir liefdeloosheid en die rede vir 'n egskeiding! En dit kan met 'n man se motor ook gebeur. Hy kan net soos sy vrou oor 'n yskar reageer en sy gebreekte motor die bewys maak van haar liefdeloosheid en die rede vir hul egskeiding!

Gaan hierdie vertwyfeling en onsekerheid oor gebreekte yskaste of motors werklik oor liefde wat onseker en afwesig is, of gaan hierdie tipe vertwyfeling, onsekerheid, angstigheid en onrustigheid oor heeltemal iets anders as liefdeloosheid?

Dit gaan regtig oor heeltemal iets anders. Dit gaan om die wil en drif dat alles altyd oor my veiligheid, my gesondheid, my gelukkigheid, my besittings, my werk en my geliefdes reg moet wees en reg moet loop. Dit gaan oor 'n diep magsdrif waarin enige iets wat verkeerd is of verkeerd loop, my hele bestaan bedreig en my oor alles en almal onseker, angstig, onrustig en vertwyfelend maak. Dit gaan oor die innerlike woede om alles wat verkeerd loop volgens my sekuriteite toe te skyf aan liefdeloosheid, omdat mense geborgenheid en sekerheid soek in dinge waarmee 'n mens leef en nie in wie 'n mens mee saamleef nie.

.

2. Christus se verlossing maak dat niks wat in ons lewe verkeerd is of verkeerd loop ooit weer vir ons 'n rede kan wees vir God se liefdeloosheid teenoor ons of ons liefdeloosheid teenoor Hom nie.

Paulus verklaar dit só: “Niks en niemand kan ons van die liefde van God skei nie, die liefde wat daar is in Christus Jesus ons Here nie.” (Rom. 8: 35, 39) Christus maak Homself en sy liefde as God vir ons, die geborgenheid en sekerheid vir ons lewe.

Hierdie is die gevolgtrekking van alles wat Paulus vanaf Romeine hoofstuk 1 tot 8: 30 oor die verlossing van Christus aangekondig, beredeneer en verduidelik het. (8:31) In hoofstuk 6 het hy verkondig dat ons so met Christus as mens in die hemel verenig is dat ons deel het aan sy strafdood vir ons sonde, dat al ons sondes met Christus vir God altyd in Christus se graf begrawe is en ons vir altyd deel is van die regverdige en goeie lewe wat Christus vir God leef. Deur hierdie magsdaad waarin God ons met Christus verenig, is ons en ons lewe vir God se liefde altyd reg!

God maak ons vir sy liefde reg en regverdig, en ons is vir God se liefde reg en regverdig deur ons geloof dat ons ingesluit is by alles wie Christus vir ons in ons plek vir God is. (Rom. 1: 16, 17)

Altyd binne God se liefde omdat Hy ons altyd reg maak en reghou vir sy liefde ten spyte van al ons sondes!

3. Rom. 8: 31 – 39 is die gevolgtrekking daarvan dat God ons altyd reg maak en reg hou vir sy liefde deur al ons sondes heen!

Deur God se gewaarborgde liefde kan ons deur die wisselvalligheid van die lewe en ons eie gemoed God bly dien

Wat is hierdie gevolgtrekking daarvan dat God ons regverdig maak vir Homself? Die samevattende gevolgtrekking is dat niks ons van God se liefde kan skei nie. (8:35) God maak Hom en sy liefde ons geborgenheid en sekerheid vir ons lewe saam met Hom as God.

Dit word met vier redes gemotiveer.

Die eerste is dat God altyd vir ons is en nooit weer teen ons sal draai nie! God kan nooit weer teenoor ons kwaadwillig en vyandig wees en ons op een of ander wyse daarom benadeel nie. Hy is vir ons! (8: 31)

Die tweede rede is dat omdat Christus God se oordeel in ons plek nie gespaar is om ons van sy oordeel te red nie, God niks van sy goedheid ooit van ons weerhou nie, al oortree ons sy wil.(8: 32)

Die derde rede is dat omdat God ons sondes reg maak, niemand ooit vir ons weer kan beskuldig dat wat met ons gebeur God se straf vir ons sondes is nie. (8: 33)

Die vierde rede is dat omdat Christus met sy lyding vir ons instaan vir ons oortredings, niemand ons ooit kan vertel dat wat met ons gebeur 'n oordeel van God is nie. (8: 34)

4. Niks wat volgens ons opvatting van hoe ons lewe moet wees en wat dan vir ons volgens ons opvatting oor hoe ons lewe moet wees, verkeerd loop of nie reg is nie, kan ooit weer iets wees wat vir ons 'n bewys of rede kan wees om te glo dat God sy liefde van ons weerhou.

Paulus maak 'n volledige lys van alles wat vir ons verkeerd kan loop en wees in ons: lyding, benoudheid, vervolging, honger, naaktheid, gevaar en geweld. Niks van hierdie dinge wat met ons gebeur kan ooit weer iets wees wat vir ons 'n bewys kan wees, of 'n rede kan wees, om te glo dat God teen ons is, ons veroordeel, sy liefde van ons weerhou, ons aankla en beskuldig oor sondes en oortredings nie.

Hy maak ook 'n volledige lys van alles wat hierdie dinge kan veroorsaak in ons lewe verkeerd loop: dood en lewe, engele en bese magte, teensewoordige en toekomstige dinge en kragte, hoogte of diepte, en net om seker te maak dat hy alles insluit sê hy: "of enigiets anders in die skepping nie."

Deur al hierdie dinge heen wat volgens ons wil, opvattinge en gesteldheid oor ons lewe, vir ons verkeerd loop en verkeerd is, hou God ons binne sy liefde dat Hy vir ons, en ons vir Hom reg is. Niks wat met ons gebeur wat vir ons verkeerd is, kan ooit God wees wat teen ons is, ons veroordeel, aankla of sy liefde van ons weerhou nie.

Die geborgenheid van gewaarborgde en versekerde liefde!

Deur God se gewaarborgde liefde kan ons deur die wisselvalligheid van die lewe en ons eie gemoed God bly dien

Gewaarborgde en versekerde liefde teen alles wat kan gebeur, deur enigiets of enigiemand, sonder enige voorbehoude, uitsonderings of uitsluitingsklousules! Hierdie gewaarborgde en versekerde liefde van God vir ons, is ons sekuriteit dat niks wat vir ons verkeerd loop of verkeerd is, ons van God se liefde kan skei nie.

Binne die voorbeeld van ons preek beteken dit dat niks wat binne 'n huis verkeerd loop en verkeerd is, 'n bewys kan wees dat my man of vrou nie vir my lief is nie. Dit is net nog 'n ding wat breek, nie liefde wat breek nie!

5. Hierdie gevolgtrekking oor God se genade vir ons, bring 'n nuwe ontdekking van die waarde van die lewe en 'n nuwe lewenshouding in gelowiges teenoor hulle lewe met God in hierdie wêreld.

Ons geborgenheid vir die lewe lê in God en sy liefde, nie in al die dinge wat oor ons kom, en wat ons in die lewe gebruik en besit nie.

Alles wat met ons gebeur wat vir ons sleg is, is net dit! Dit is net iets wat vir ons nie lekker, aangenaam, volgens ons wil, ons planne, ons ideale, ons gevoelens en ons versugtinge oor hoe ons lewe moet wees, is nie. Dit is al wat dit is! Dit is nie iets waarmee God vir ons iets wys oor wat met sy liefde vir ons en ons liefde vir Hom verkeerd is nie. Alles wat teen sy wil is, wys Hy vir ons in sy wet terwyl Hy ons vir sy liefde reg laat bly.

Wat is 'n yskas wat breek? Dit is net 'n yskas wat breek! Wat is 'n pyp wat in die huis bars? Dit is net 'n pyp wat in die huis bars! Wat is 'n kortsluiting wat die krag uitskop en drade en geisers uitbrand? Net dit! Maak nie saak hoe onaangenaam dit is en hoe dit ons hele lewensbeplanning omver glooi nie.

Dit kan nooit die bewys wees vir liefde wat nie reg is in 'n huwelik nie, en nog minder die rede word vir liefde wat nie meer reg is in 'n huwelik nie.

Daarom skep God se onskeidbare liefde by gelowiges 'n totale aanpasbaarheid en kreatiwiteit ten opsigte van alles wat verkeerd loop in hul lewe volgens hul wil en verwagtings. Uit die krag en sekuriteit van God se gewaarborgde en versekerde liefde in en deur alles, verander hulle hul wil, hul verwagtings, hul opvattinge, hul planne en gevoelens – en gaan aan met alles wat met hulle gebeur in die liefde van God en deur God te bly liefhê!

Dit is hoekom Paulus stel dat gelowiges in en deur alles wat met hul lewe verkeerd loop – oorwinnaars bly! Hulle pas aan en leef deur alles met 'n veranderde wil en opvatting oor hulself en hul liefde, omdat hulle uit die sekuriteit van gewaarborgde en versekerde liefde leef.

Deur God se gewaarborgde liefde kan ons deur die wisselvalligheid van die lewe en ons eie gemoed God bly dien

Niks wat met hulle gebeur kan hierdie sekuriteit hul ooit ontnem van God se liefde nie. Hierdie sekuriteit maak dat gelowiges nie sekerheid, gemoedelikheid, rustigheid, kalmte, vrede en waarborge oor die lewe en wat in die lewe met hulle gebeur nodig het nie. Hulle kan met vrees, angs, onrustigheid, ongelukkigheid en neerslagtigheid saamleef oor alles wat met hulle verkeerd gaan, saamleef as deel van hulle lewe, sonder om die sekuriteit van God se gewaarborgde en versekerde liefde in en deur alles te verloor.

God se liefde is gewaarborg deur ons eie angs, vrees, onrustigheid en ongelukkigheid oor alles waardeur ons gaan wat vir ons verkeerd loop. Hierdie gemoedstoestande oor die gewone lewe kan ons nie van God se liefde skei nie.

6. Dit is presies die teenoorgestelde wat die ryk jongman van Jesus Christus verwag het in Lukas 18.

Hy soek nie sekuriteit in God se versekerde en gewaarborgde liefde nie, maar in alles wat hy reg doen om alles reg te laat loop en reg te hou vir homself!

Alles in hierdie gesprek tussen Jesus en die ryk jongman is ironies! Hy vra Jesus nie 'n vraag oor wat hy nie weet nie, maar om van Jesus die bevestiging te kry dat hy alles reg doen en alles vir hom reg sal loop. Jesus moet vir hom sê: "Moenie bekommerd wees nie, alles is reg en alles sal reg uitloop!"

Dit is wat hy verwag Jesus moet doen: alles is reg vir jou, alles sal reg loop vir jou want jy doen alles vandat jy 'n klein seuntjie is nog altyd reg! Niks sal vir jou verkeerd loop of uitdraai nie, want jy doen vandat jy 'n klein seuntjie is nog niks verkeerds nie!

En dan kom hierdie onverwagse wending! Gaan verkoop alles wat jy het en kry die skat in die hemel! Hierdie is nie die elfde gebod wat jy nog moet doen na jy al die Tien Gebooie gehoorsaam het nie. Armoede gee jou nie die skat van die hemel nie! Hierdie opdrag is om nie meer sy sekuriteit te soek alles wat vir hom reg geloop het, sy besittings, sy gesondheid, sy werk, sy aansien, sy mag, sy gesin en geliefdes en sy goeie toekoms in die hemel nie. Hy moet God se liefde in Christus as sy skat in die hemel vind.

Met hierdie skat, God se gewaarborgde en versekerde liefde, moet hy dan Christus gehoorsaam en dien, met alles wat hierdie gehoorsaamheid en diens oor sy lewe sal bring wat vir hom sleg is en volgens sy planne, sy wil, sy doelwitte, sy gevoelens en menings oor sy lewe, anders sal laat verloop as wat hy dit wil hê.

7. Menslik ontmoontlik maar vir God moontlik!

Deur God se gewaarborgde liefde kan ons deur die wisselvalligheid van die lewe en ons eie gemoed God bly dien

Dit is menslik onmoontlik vir 'n ryk mens om in God se koninkryk in te gaan, net soos dit vir 'n kameel onmoontlik is om deur die nou gangetjies waardeur net mense deur die mure om beskermden stad in te kom, in so 'n stad in te gaan! Dit is nie baie moeilik nie. Dit is onmoontlik!

Daarom stel die Here dat dit wat vir menslik onmoontlik is, net vir God moontlik is. Dit is nie vir armes moontlik nie en dit is ook nie vir rykes moontlik nie. Ryk mense in hierdie gesprek beteken mense wat hul waarborg en sekuriteit in die lewe soek in alles wat vir hulle reg is, reg afloop, reg uitloop omdat hulle doen wat reg is! Dit is alle mense wat hul sekuriteit en waarborg vir die lewe soek, in eiendom, gesondheid, mag, invloed, 'n gesinslewe wat altyd reg loop en reg afloop volgens hulle wil, planne, gevoel en drome.

Want in God se koninkryk is sy liefde verseker en gewaarborg, altyd in en deur alles en kan dit deur niks en niemand van sy kinders ontnem word nie. Binne hierdie sekerheid leef sy kinders in en deur alles wat verkeerd gaan en verkeerd afloop volgens hulle verwagtings en ideale!

Want in God se koninkryk laat hy sy kinders deur die lyding, benoudheid, vervolging, honger, naaktheid, gevaar en geweld van hierdie wêreld gaan. Laat God hulle leef in en deur dood en lewe, engele en bose magte, teenswoordige en toekomstige dinge en kragte, hoogte of diepte, terwyl hulle altyd deel van sy liefde is en bly, ten spyte van hul sonde en moedswillighede.

In sy koninkryk volg ons Hom in en deur alles wat reg en verkeerd gaan, goed of sleg gaan, want ons volg Hom omdat niks ons van sy liefde ooit kan skei nie.

God alleen deur sy liefde waarvan niks en niemand ons kan skei nie, maak dat ons Hom in en deur alles volg as ons Here.

8. Die geestelikes van hierdie wêreld wil ons in 'n waan hou van 'n lewe waarin alles altyd reg is, reg verloop reg afloop volgens ons verwagtings en drome.

Al hulle vertroostings, bemoedigende woorde, vermanings, gerusstellings en beswering van angs, onrustigheid, onsekerheid en te neergedruktheid, gaan oor hierdie waan: alles sal reg wees, alles sal reg verloop, alles sal reg afloop!

Net soos met die ryk jongman!

Jesus moet vir hom sê alles sal reg wees, alles is reg, alles sal reg verloop as jy net alles reg doen!

En dan kom die Here en sê as jy nie meer sekuriteit soek in alles wat vir jou reg is en reg moet afloop nie, sal ek vir jou 'n ander skat in die hemel gee: die gewaarborgde

Deur God se gewaarborgde liefde kan ons deur die wisselvalligheid van die lewe en ons eie gemoed God bly dien

en versekerde liefde van God vir jou as sondaar wat nie regtig ooit iets volgens my wil kan reg doen nie. Ek sal jou die skat in die hemel gee dat Christus jou reg maak en reg laat wees ten spyte van jouself en wat met jou in die lewe gebeur!

En dan sal jy die Here met die sekerheid van hierdie liefde kan volg deur alles wat reg en verkeerd loop. Sal jy met sekerheid van sy liefde leef deur die verliese van die lyding, benoudheid, vervolging, honger, naaktheid, gevaar en geweld wat in hierdie wêreld met jou gaan gebeur kan gaan – niks kan my van sy liefde skei nie.

Sal jy die Here kan bly volg in sy liefde, deur alle die dood en lewe, verby alle engele en bose magte, deur al teenswoordige en toekomstige dinge en kragte, deur hoogte of diepte heen, omdat jy seker is van God se gewaarborgde en versekerde liefde!

Sal jy die Here kan volg in al jou angs, onrustigheid, onsekerheid en te neergedruktheid oor jou besittings, jou gesondheid, jou veiligheid, jou werk, jou gesin, jou gesag en invloed omdat jou sekerheid in sy onskeibare liefde lê en nie in die onskeidbaarheid van wat ons in hierdie wêreld het of is nie.

9. Hierdie virus wat nou vir 'n ruk in die omloop in die wêreld gaan wees, het mense se waanbeeld oor wat gewaarborg en verseker is in die hierdie lewe, diep geruk!

Want niks wat vir mense sekerheid oor hulle lewe gee, kan hulle teen hierdie virus die sekerheid gee alles sal reg wees en alles sal reg verloop nie! Nie jou gesondheid nie, nie jou fiksheidsoefeninge nie, nie jou gesonde eetgewoontes nie, nie jou geld en besittings nie, nie jou mag en invloed nie, nie jou gesin en geliefdes nie, nie enige bestaande medikasie of wetenskaplike kennis of tegnieke nie.

Wat het nou fout gegaan?

Die antwoord moet wees: "Dit is maar net die yskas wat gebreek het." Daar het regtig niks fout met God se liefde vir sondaars gegaan nie. God is nie besig om met hierdie virus sy kerk aan te kla, te veroordeel, te beskuldig of van sy liefde uit te sluit nie. Dit is net nog 'n virus waardeur die Here ons met sy onskeibare liefde heen deur vat!

Die antwoord moet wees: geen bese magte, of teenwoordige of toekomstige dinge soos Huawei se G5, Bill Gates se rekenarisering van die wêreld, ongelowiges se komplotte teen God, het ons nou of kan ons ooit van God en sy liefde vervreem en God se beskikking vir hoe ons lewe verloop verander nie.

Dit is net nog 'n yskas wat gebreek het en ons vir 'n ruk mee moet saamleef totdat ons dit reggemaak gekry het. Dit is net nog iets waardeur God ons in sy onskeibare liefde lei om met hom te leef en te sterf!

Deur God se gewaarborgde liefde kan ons deur die wisselvalligheid van die lewe en ons eie gemoed God bly dien

10. Die geestelikes van hierdie wêreld wil almal nou skielik innerlik troos en gerusstel met hulle gewaande innerlike vrede en gemoedelikheid oor die dinge waaroor ons elke dag voor moet sorg!

Hulle boodskap is jy moenie oor die lyding, benoudheid, vervolging, honger, naaktheid, gevaar en geweld wat hierdie virus, en die gevolge van hierdie virus oor die wêreld gaan bring, beangs, onrustigheid, onseker en te neergedruk wees nie. Jesus sal sorg dat alles reg is en reg verloop! Jy moet net sorg dat jy alles reg doen wat Jesus nou vir jou sê om te doen! En elkeen van hulle het weer boeke vol geestelike oefeninge en regulasies wat Jesus nou vir jou sê wat jy reg moet doen sodat alles weer reg sal wees en reg sal verloop!

Met hierdie gewaande innerlike vrede en gemoedelikheid oor die lewe bring hulle net weer met 'n duiwelse listigheid 'n diep oordeel oor gelowiges! Want as jy nou oor hierdie dinge van die lewe beangs, onrustig, benoud en te neergedruk is, dan kla hulle jou aan, veroordeel jou, beskuldig hulle jou en verwyt hulle jou dat jy nie glo in God se liefde nie, want Jesus sal sorg dat alles reg is en reg verloop!

Ons skat is nie ons innerlike vrede, gemoedelikheid, gerustheid en hoopvolheid op die dinge waarvoor ons elke dag moet sorg nie. Dit is die onskeibare liefde van God terwyl Hy alles wat vir ons verkeerd voel oor ons lewe, oor ons laat kom, en alles wat ons wil, dink en beplan oor ons lewe laat nou verkeerd laat uitdraai – deur 'n virus waarvoor niemand nou antwoorde het nie.

11. Wat laat hierdie gewaarborgde en versekerde liefde van God wat 'n virus nie kan verander nie ons nou doen?

Dit maak ons aanpasbaar met alles van en in die lewe! Die virus en alles wat dit veroorsaak is net nog 'n yskas wat gebreek het. En dan moet ons nou aanpas vir 'n rukkie om sonder 'n yskas klaar te kom terwyl ons kyk of dit reg gemaak kan word. Sonder 'n yskas gaan ons aan met alles waarvoor ons moet sorg met nuwe planne – want ons weet wie ons liefhet, hoe Hy ons liefhet en hoe ons met Hom in sy liefde leef, terwyl ons ons wil oor hoe ons lewe moes wees, verander volgens hoe Hy dit laat wees.

Dit maak ons lydsaam! Dit maak dat ons al die verliese kan dra deur wat Hy beskik vir ons lewe. Ons maak nie van ons ongelukkigheid oor ons verliese, ons angstigtheid oor ons verliese, ons stres oor al ons verliese en ons te neergedruktheid oor ons verliese, redes om God oor sy liefde te verwyt, te bevraagteken en aan te kla nie. Ons leef deur hierdie gemoedstoestande oor die dinge wat ons verloor met die geborgenheid oor wie en wat ons nooit kan verloor nie – God en sy onskeibare liefde vir ons.

Deur God se gewaarborgde liefde kan ons deur die wisselvalligheid van die lewe en ons eie gemoed God bly dien

Dit maak dat ons deur ons wisselvalligheid van die lewe besig bly met volhoubare diens en toewyding!

Die wisselvalligheid van die lewe sien en aanvaar gelowiges nie as 'n wêreld wat nou skielik deur magtige mense, geheime organisasies en verborge kragte en magte ontwig is nie. Hulle sien die wisselvalligheid van hul eie lewe net as die verskil tussen hoe God sy wêreld bestuur en hoe ons dit graag anders vir ons self wou gehad het. Hierdie virus is net so binne die sorg en bestuur van God van sy wêreld soos elke ander ding in die wêreld.

Daarom kan ons nie nou geestelike, morele en gewelddadige gevegte en oorloë teen vermeende nuwe vreemde magte en kragte begin voer, net omdat God nog 'n virus in sy wêreld beskik het nie.

Wat vir ons die wisselvalligheid van die wêreld en ons eie gemoed is, is binne God se geborge liefde net nog iets waardeur Hy my lei om hom in sy liefde te volg. Om geestelik, moreel, psigies en sielkundig nou veglustig te raak oor alles wat hierdie virus vir ons ontwig, is die woede van die ryk jongman teen God en god se wêreld omdat God nie vir hom alles laat reg loop omdat hy vir God alles reg doen nie.

Ons is Christus se volgelinge! Ons volg Hom in sy onskeibare liefde vir ons binne sy wêreld waar Hy altyd vir ons sorg en ons Hom altyd volgens sy gebooie dien. Ons eie wisselvallige gemoedstande oor die wisselvalligheid van die lewe, maak ons nie strydlustig nie of laat ons ook nie wegvlug in die gewaande innerlike rustighede van geestelike ghoeroes nie. Dis net nog 'n virus, nog 'n yskas wat gebreek het.

Deur die wisselvalligheid van die wêreld en ons eie gemoedstoestande, glo in ons God se onskeibare liefde en bly ons hom in hierdie liefde dien volgens sy Woord. Ons geborgenheid lê in Hom wie ons liefhet, nie die yskaste, stowe, huise en karre wat Hy vir ons gegee het nie.